Striga gesnerioides

E: Purple witchweed, Tobacco witchweed,
A:Bloublom, Rooiblom, Tabakparasiet

Striga in natuurlike habitat

Striga uitgegrawe en

deurgesny op wortel van gasheer

Het julle nie ook al menigte kere gewonder oor die klein perserige plantjie, wat so graag langs grondstrate staan nie? Hy lyk so 'n bietjie na pers aspersie maar met baie mooi ligpers blomme aan die stingels. Later staan hy pikswart tot die padskraper hom wegvat.

Dit is 'n hemiparasiet wat op die wortels van ander plante groei. Om te kan ontkiem, het dit 'n plant nodig, wat die stof "strigol" afsonder, bv. soos by tabakplante die geval is. Watter plante dit by ons in die veld is, weet ek nie regtig nie, maar ek weet een van hulle is die Pterodiscus aurantiacus, ‘n kort stewige plant met helder oranje kelkblomme in die somer.

Wat hierdie parasitiese plant besonders maak, is dat hy nie chlorofil nodig het om te lewe nie, dit trek sy kos sommer uit sy gasheer se wortels. En daarom is dit nie groen nie.

Gedroog en fyn gemaal maak dit 'n wondpoeier of dit word saam met salf/vet op geswelde nekkliere gesmeer om as treksalf te werk.
Die Kwanyamas beweer, dat 'n "neef" van die plant, nl. *Striga hermonthica*, werk manlikheid tee (verhoed ereksie)….word dit hieroor *witch weed* genoem?.....Ek wonder!

Partykeer sien ons ook van hulle met ligte groen stingels en/of baie ligpers bloeisels. Daar is nog *Striga bilabiata,* lyk soos *Striga gesnerioides*, maar het ligte groen stingels en blom wit. Dit groei gewoonlik in die halfskaduwee onder struike in rooi sand en moeilik om opte spoor. Diegene van ons wat so graag plante in die veld uitgrawe om dit in ons tuin te plant: hierdie ene sal nie groei nie!!

Inligtingsbronne: Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Wild flowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E.von Koenen)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Junie 2014, updated Augustus 2020